’n Skoon gewete voor die Here

Teks: 1 Timoteus 1: 3 - 20 & Sondag 12
Teksvers: 1 Timoteus 1: 19

1. Inleiding

Die fokus in ons leerdiens vanoggend val op ons gewete. Wat is die gewete in ‘n gelowige persoon? Op die oor af klink dit soos ’n dom vraag wat ons weet mos vandag almal waarvan gepraat word as die term gewete gebruik word. Tog is die nie altyd maklik om in alles ’n skoon gewete as gelowige persoon te handhaaf nie. Ons het in die eerste preek gesien hoe so ’n skoon gewete ’n groot komponent van omgee vir my broer en suster bevat.

Wat dinge verder moeilik maak is ons teksgedeelte en dan veral ons teksvers uit 1 Timoteus 1. Die idee om ’n mens se gewete weg te stoot of selfs weg te gooi. Die uiteindelike gevolge is ondenkbaar. Want ons lees in die opvolgende vers van mense wat oorgegee word aan die Satan. Die rede hiervoor is die noue samewerking tussen die gewete en die Heilige Gees.

Maar tog bestaan ’n skoon gewete in nie isolasie nie, in vers 5 sien ons dat dit saamgegroepeer word met ’n skoon hart, ’n skoon gewete en ’n ongeveinsde liefde. Laastens is ’n skoon gewete ook die gevolg van die verlossing in ons Here Jesus Christus. Daarom is dit iets wat ’n Christen ook saam met verlossing en saligmaking ontvang, soos ons sien in Sondag 12 van die kategismus.

2. ’n Skoon hart

Liefde uit ’n skoon hart sê nee, dit werk anders as populere opinie rondom ons vandag. Dit begin by my, dit begin diep binne my. Ons dink vandag maklik dat die hart ’n orgaan is. Dit is wel ’n orgaan wat bloed deur jou liggaam pomp. En wanneer dit stop sterf jy. Maar hier in die konteks van die bybel word meer bedoel met hart. Die hart is eintlik die hele binneste wese van ’n mens. Ons sien hierdie Ou Testamentiese beginsel deurskyn in Matteus 15 waar Jesus praat oor onrein wees. Hy sê in vers 18 “[18]Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dit is die dinge wat die mense onrein maak.” soos ons ook in die eerste diens aangehaal het. En dan in vers 19 volg ’n sondelys wat baie lyk soos die sondelys in vers 9&10 van ons teksgedeelte.

Dat daar probleme is met hierdie diep binneste van die mens sien ons regdeur die Ou Testament. Met die bekendste voorkoms seker in Esegiël 36:26: "[26]Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee.” Die boodskap van verlossing wat alreeds hier aangetref word.

Tog is hierdie beginsel van hart as ons binneste gevoel en emosie nie vreemd aan ons nie. Ons praat ook van iemand se hart wat breuk, wat tog nie beteken dat daar mediese enigiets met sy hart as oorgaan fout is nie. Ons praat van iemand met ’n mooi hart, alhoewel die orgaan wat ons hart vorm tog bykans dieselfde lyk in alle mense. Maar met ’n mooi hart bedoel ons opregtheid. Daardie venster na ’n mens se binneste wanneer hy/sy iets goed doen. Daardie besef dat hierdie goeie daad werklik diep uit die persoon se hart kom. Dit is nie iets wat met ’n bybedoeling of voorbedagte rede gedoen is nie. Dit is hieruit waar ons liefde moet kom. Want die is hier waar God perfekte liefde in ons wek. Daarom moet ons hierdie perfekte liefde wat in Christus aan ons bewys is ook aan ander gaan bewys.

3. ’n Skoon gewete

Wat die ou Israeliete in die Ou Testament met die term hart beskryf, is baie naby aan dit wat die Grieke in die nuwe testament met dit term gewete beskryf. ’n Uitbreiding op hierdie binneste van ’n mens is dat dit die morele sentrum is. Dit is hier waar die mens besluit wat reg of verkeerd is.

Die bekendste verwysing na ’n mens se gewete tref ons in 1 Korinthiërs 8 wat ons in die eerste diens behandel het. Dit is dan juis hierin wat die volgende verskil met die eerste kenmerk ook lê. Ons het in die eerste kenmerk gesê dat liefde uit ’n skoon hart by onsself begin. Dat die fokus eers op onsself moet val.

Maar hier met ’n skoon gewete is dit anders. Soos ons gesien het in die opdrag oor die afgodsvleis, gaan dit eerstens oor my broer. Dit gaan oor my naaste se welstand. Dit is ook die liefde wat Jesus Christus kom bewys wanneer Hy onskuldig in ons plek kom sterf.

Die perfekte liefde soek die voordeel en voorspoed van my broer en suster. Ons weet ook dat ons gewetens vandag steeds baie hiermee te doen het. Wanneer ek my broer of suster verontreg besoedel ek my gewete. En wanneer ek nog nie verhard is soos die mense van vers 20 nie, dan pla hierdie gewete my.

Tog is die belangrik dat hierdie gewete. Hierdie sentrum oor reg en verkeerd op die woord van God gebou is. Ons moet ons gewetens laat lei en aanspreek deur die Woord van die Here. Ons weet dat die wet die goddeloses en sondaars veroordeel. Tog is dit juis ons gewete wat ons anders maak omdat dit ons die wil gee om eerder die goeie te doen.

4. ’n ongeveinsde geloof

Ons almal weet hoe swaar dit is om iets te doen waarvoor ons nie die rede ken nie. Ons almal moes al opdragte uitvoer sonder om volledig ingelig te wees oor waarheen ons oppad is. Wanneer ’n mens die doel en visie ken en selfs deel gaan dit gewoonlik baie makliker. Tog wanneer dit by geloof en doel van die lewe kom sien mense dit anders.

Soos ons nou gepraat het oor moraliteit wat bepaal word deur die Woord, net so gee die Woord eintlik doel en betekenis aan alles. Wat die betekenis is nie iets nie, maar iemand. Ons Here Jesus Christus wat ons so liefgehad het dat Hy ons uit die dood gered het. Wat ons kom opwek het uit ons doodse bestaan en vir ons ’n doel en rigting gee om voor te leef. Dit is wat vers 11 die evangelie noem. Die ongelowige weet nie waarom hy enigsins liefde moet bewys nie, want Jesus speel geen rol in sy lewe nie. Hy verstaan nie hoekom hy nie maar kan doen wat hy wil nie. Daarom is die wet nodig vir die ongelowige. Dit word die maatstaf waardeur sy boosheid gemeet kan word. Selfs al steur hy hom nie daaraan nie soos wat vers 9 dit duidelik maak. Ons kan sê die ongelowige het ’n verwronge gewete.

Dit is hier waar geloof inkom. Want geloof is om seker te wees van die dinge wat ons nie kan sien nie volgens hebreërs 11 vers 1. En die ware Hoop lê uiteindelik in dit wat ons nie kan sien nie. Daarom moet hierdie geloof ongeveins vas wees. Hierdie geloof moet opreg wees en gefokus in Christus alleen. Dit moet hier uit die binneste waarvan ons nog heeltyd praat kom. Want dit is daar wat die Heilige Gees dit werk. Sonder hierdie geloof is alles wat ons doen nutteloos. Dit is soos om doelloos en sonder rede bloot aan die noodlot uitgelewer te wees. As ons nie glo nie, dan is ons soos ’n brander wat maar bloot doelloos in die see deur die wind heen en weer gejaag word. Geloof gee vir ons die rede en motivering om ware liefde te werk selfs tussen mense wat dit nie verdien nie. Want dit is tot God se eer en verheerliking. Dit is wat Jesus Christus ook op aarde kom doen het.

5. Slot

Ons kan afsluit deur weer te fokus op die doel van hierdie skrifgedeelte en kategismus. In hierdie gedeelte word Timoteus aangemoedig om die gesonde leer te bewaar. Hy moet dit doen te midde van ’n klomp leermeesters wat eerder iets anders wil leer. Wat die waarheid van ’n liefdevolle evangelie verwerp. Wat die redding uit genade alleen wil verwerp. Wat hulleself eerder wil beroep op geslagsregisters en verdigsels. Tog moet daar juis teenoor hierdie mense liefde gewek word.

Maar hierdie liefde lyk ook anders wat die wêreld se eenvoudige aanvaar van alle standpunte. Hierdie liefde is die wet van die Here wat ook aan hulle verkondig moet word. Want in die wet sien ons wat ware liefde teenoor God en ons naaste beteken.

Maar soos ons gesien het in hierdie gedeelte moet hierdie liefde ook opreg bedien word met ’n skoon gewete. Ons enigste motief met die weerlê van valse leerstelling moet altyd die eer van God alleen wees. Daar moet nooit enige wraak motiewe wees in die weerlegging van valse leerstellings nie.

Amen